Munisipaliteit
Municipality
Umasipala

Verslag ◆ Ingxelo ◆ Report

Kantoor van die Direkteur: Finansiële Dienste
16 Mei 2013

2/1/4/4/1
5/1/1/1 – 2013/14
5/1/1/2 – 2013/14
5/1/4

ITEM 3.1 VAN DIE AGENDA VAN 'N SPESIALE RAADSVERGADERING WAT GEHOU SAL WORD OP 30 MEI 2013

ONDERWERP:
A: HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN
B: GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL- EN BEDRYFS-BEGROTINGS VIR 2013/2014, 2014/2015 EN 2015/2016
C: KOMMENTARE ONTVANG OP DIE GOP EN BEGROTING

A: HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN

1. AGTERGROND EN BEREDENERING

Artikel 34(a) van die Wet op Munisipale Stelsels (Wet 32 van 2000), bepaal onder andere dat 'n munisipale raad sy Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP) soos volg moet hersien:

- jaarliks in ooreenstemming met 'n ontleding van sy prestasiemetings in terme van artikel 41; en
- tot die mate wat veranderende omstandighede dit vereis.

Die GOP hersiening word apart gesirkuleer as Aanhangsel A. Neem asb. kennis dat die areaplanne tesame met die agenda van die gewone raadsvergadering gesirkuleer sal word.

Hierdie is die eerste hersiening van die 2012-2017 GOP vir Swartland. Hierdie hersiening akkommodeer veranderinge wat plaasgevind het sedert einde Mei 2012 toe die GOP goedgekeur is.

Voorbeelde hiervan is:

- Die nuwe sensusgegewens wat einde 2012 bekendgemaak is;
- Veranderings aan die portefeuljekomitees van die Raad;
- Die nuwe vyfjaar begroting;
- Substansiële veranderings aan Hoofstuk 7 (Strategie);
- Veranderings aan Hoofstuk 8 op grond van nuwe inligting wat van Provinsiale Sektordepartemente ontvang is by die IDP Indaba op 13 Februarie 2013; en
- Opdatering van die sektorale planne en beleid in Aanhangsel 3.

Die Hersiene GOP dien as basis vir die 2013/2014 jaarlikse begroting, die SDBIP en die prestasieplanne van die onderskeie direktorate.

2. INSETTE EN KOMMENTAAR

Die Raad het op 28 Maart 2013 besluit dat die hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), asook die vyf Areaplanne, as konsepplanne aanvaar word, en dat 'n verdere konsultasie- en verfyningsproses gedurende April 2013 gevolg sal word. Die Raad het ook sekere strategiese voorstelle voortspruitend uit die Uitvoerende Burgemeester se begrotingsrede goedgekeur wat op beide die GOP en die begroting impakteer.

Die plan is gedurende April 2013 geadverteer vir publieke insette en kommentaar. Die insette wat ontvang is word volledig in die verslag ten opsigte van die begroting behandel.

Die dokument is ook aan die Provinsiale Regering en die Weskus Distriksmunisipaliteit gestuur vir kommentaar. Kommentaar van die Provinsiale Regering (Tesourie en ander sektordepartmente) op beide die GOP en die begroting is tydens die jaarlikse LGMTEC vergadering op 3 Mei 2013 in detail behandel.

'n Opsomming van die LGMTEC verslag is ook by die begrotingsverslag ingebind terwyl die volledige verslag en kommentaar daarop by die kantoor van die Strategiese Bestuurder ter insae lê.

Die GOP hersiening wat by hierdie vergadering voorgelê word is aangepas om die kommentare te akkommodeer asook die Raad se besluit van 28 Maart 2013.

3. **WETGEWING**

Die volgende wetgewing het betrekking:

- Wet op Munisipale Stelsels, Wet no. 32 van 2000, Artikel 34
- Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, Wet no. 56 van 2003, Artikels 21, 24 en 53

B: GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFSBEGROTINGS VIR 2013/2014, 2014/2015 EN 2015/2016

1. WETGEWENDE RAAMWERK

1.1 Die goedkeuring van die begroting moet beoordeel word ingevolge die wetgewende raamwerk en moet daar dus spesifiek gelet word op die volgende bepalings.

1.2 Artikel 16(2) : MFMA
"... die Burgemeester van die munisipaliteit moet die jaarlikse begroting ten minste **90 dae** voor die aanvang van die begrotingsjaar by 'n **raadsvergadering** ter tafel lê, welke handeling op 28 Maart 2013 volvoer is.

1.3 Artikel 24(1) : MFMA
"Die raad van 'n munisipaliteit moet ten minste **30 dae** voor die aanvang van die begrotingsjaar goedkeuring van die jaarlikse begroting oorweeg", welke handeling op die laatste op 31 Mei 2013 volvoer moet word.

1.4 Artikel 160(2)(b)(c): Grondwet
"Die volgende funksies mag nie deur die Munisipale Raad gedelegeer word nie:
... die goedkeuring van begrotings en tariewe."

1.5 Artikel 160(3)(a) Grondwet
"Dat die meerderheid Munisipale Raadslede teenwoordig moet wees voordat stemming geneem word oor enige saak."

2. DOCUMENTATION

2.1 Attached hereto find the Adjusted Capital and Operating budget for 2012/2013 as prepared by the CFO, and the multi year operating and capital budgets for 2013/2014, 2014/2015 and 2015/2016 **Annexure B**

2.2 Budgets and medium term revenue and expenditure framework 2012/2013 reforms

Attached hereto find the prescribed budget reforms as prescribed by MFMA Circular No 58 in accordance with the regulations..... **Annexure B1**

2.3 Outstanding debtors

Attached hereto find the outstanding debtors as on 30 April 2013 before month-end levy, after month-end 31 March 2013, outstanding debtors future included and the provision for contribution to bad debtors..... **Annexure B2**

2.4 Investments & External Loan Register

Attached hereto find the external loans and investments as on 30 April 2013..... **Annexure B3**

2.5 Property Rates Policy / Eiendomsbelastingbeleid

Section 5 of the Municipal Property Rates Act determines that a municipal council must annually review, and if necessary, amend its rates policy. Any amendments to a rates policy must

accompany the municipality's annual budget when it is tabled in the council in terms of section 16(2) of the Municipal Finance Management Act.

3. KOMMENTAAR: DIREKTEUR: FINANSIËLE DIENSTE

3.1 Dat daar kennis geneem word dat die Begrotingsbeheerkomitee op Dinsdag, 14 Mei 2013 vergader het, met aanbevelings aan die Uitvoerende Burgemeesterskomitee wat die 30 dae begroting op 15 Mei 2013 oorweeg het, vir aanbeveling aan die Raad.

C: KOMMENTARE ONTVANG OP DIE GOP EN BEGROTING

1. LGMTEC 3 ENGAGEMENT: Aangeheg die opsommende verslag na aanleiding van 'n volledige evaluering van Provinsie van Swartland Munisipaliteit se GOP en begroting wat gedurende April gedoen is..... **Aanhangsel C1**
   [Die volledige verslag, sowel as die kommentaar Van die munisipaliteit op die verslag is beskikbaar in die Kantoor van die Strategiese Bestuurder.]

2. Skrywe ontvang vanaf Raïel, mnr Christo Brand gedateer 18 Maart 2013..... **Aanhangsel C2**

3. Skrywe ontvang vanaf Raïel, mnr G J le Roux gedateer 18 Maart 2013..... **Aanhangsel C3**

4. Skrywe ontvang vanaf Malmesbury Landbouvereniging gedateer 15 April 2013..... **Aanhangsel C4**

5. Skrywe ontvang vanaf Yzerfontein Inwonersvereniging gedateer 28 April 2013..... **Aanhangsel C5**

6. E-pos ontvang vanaf mnr Ian Mitchell gedateer 7 Desember 2012..... **Aanhangsel C6**

7. Skrywe ontvang vanaf Moorreesburg Sakekamer gedateer 18 April 2013..... **Aanhangsel C7**

8. Skrywe ontvang vanaf Hoërskool Swartland ontvang op 12 April 2013..... **Aanhangsel C8**

9. E-pos ontvang vanaf mnr Theo Basson gedateer 12 April 2013..... **Aanhangsel C9**

10. E-pos ontvang vanaf SAPD, Moorreesburg gedateer 23 April 2013..... **Aanhangsel C10**

11. Akkommodering van aanbevelings in die Uitvoerende Burgemeester se begrotingstoespraak an 29 Maart 2013..... **Aanhangsel C11**

12. Kommentaar vanaf munisipaliteit op voormelde kommentare ontvang vanaf die publiek en waaruit die besluite hieronder geformuleer is..... **Aanhangsel C12**

AANBEVELING (vir oorweging deur die Raad op 30 Mei 2013)

A: HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN

Dat die Hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), asook die vyf Areaplanne oorweeg en na die Raad vir finale goedkeuring verwys word.

B: GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFS-BEGROTINGS VIR 2013/14, 2014/2015 EN 2015/2016

(a) Dat die Raad die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting in beginsel goedkeur, **onderskeidelik ten bedrae van en bronne van finansiering**:

			Histories:		**Tans:**
(1)	**Kapitaalbegroting**	**:**	**2012/2013**	**R 86 848 463**	**R**
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting	**:**	**2012/2013**	**R 89 008 975**	**R**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2013/2014**	**R**	**R 83 479 509**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2014/2015**	**R**	**R 64 827 967**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2015/2016**	**R**	**R 52 510 760**

(2)/...

(2)	**Bedryfsbegroting**	**:**			
	Totale Inkomste	**:**	**2012/2013**	**R 413 711 316**	**R**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting	**:**	**2012/2013**	**R 422 971 862**	**R**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting	**:**	**2012/2013**	**R 422 971 862**	**R**
		:	**2013/2014**	**R**	**R 466 847 737**
		:	**2014/2015**	**R**	**R 470 253 985**
		:	**2015/2016**	**R**	**R 502 282 313**
	Uitgawe	**:**	**2012/2013**	**R 439 237 837**	**R**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting	**:**	**2012/2013**	**R 436 386 824**	**R**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting	**:**	**2012/2013**	**R 441 964 655**	**R**
		:	**2013/2014**	**R**	**R 478 880 932**
		:	**2014/2015**	**R**	**R 503 908 423**
		:	**2015/2016**	**R**	**R 549 136 657**
	Surplus/Verskil (ontbondeling) i.t.v. GRAP	**:**	**2012/2013**	**-R 25 526 521**	**R**
	Aansuiweringsbegroting	**:**	**2012/2013**	**-R 13 414 961**	**-R**
	Aansuiweringsbegroting	**:**	**2012/2013**	**-R 18 992 793**	**-R**
		:	**2013/2014**	**R**	**-R 12 033 195**
		:	**2014/2015**	**R**	**-R 33 654 438**
		:	**2015/2016**	**R**	**-R 46 854 344**

(b) Dat die Raad kennis neem van die gemiddelde tariefverhoging van Eskom aan munisipaliteite 7.3% beloop vir die 2013/2014 finansiële jaar, maar dat Swartland Munisiapliteit slegs 'n gemiddelde tarief verhoging van 6.80% aan sy verbruikers deurgee. Dat die Raad verder kennis neem dat NERSA se goedkeuring steeds in afwagting is;

(c) Dat die kapitaal- en bedryfsbegroting ten aansien van die 2013/14 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA goedgekeur word, met inbegrip van –

- belastings;
- tariewe;
- projeksies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate);
- begrotingsverwante beleidsdokumente:
  - (i) Kredietbeheer – sonder wysigings,
  - (ii) Tariefbeleid – dat die berekening van eiendomsbelasting vir die 2013/2014 finansiële jaar en daarna ten opsigte van Jakkalsfontein en Grottobaai, nl. 25% toegepas word op residensiële eiendomme en nie op kommersiële eiendomme nie.
  - (iii) Eiendomsbelastingsbeleid – sonder wysigings
  - (iv) Voorsieningskanaalbestuursbeleid – gewysig (item elders in sakelys)
  - (v) Kontant en Beleggingsbestuursbeleid – sonder wysigings
- besonderhede ten aansien van beleggings;

(e) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die begrotingsdokumentasie ten opsigte van die verslagdoening aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(f) Dat die Raad kennis neem dat die bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste en werklike kapitaalbydraes nie om die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekeninge te bereken;

(g) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;

(h) Dat kennis geneem word van die toenemende styging in personeelkostes soos deur Nasionale Tesourie voorgestel in Omsendbrief 66 gedateer 11 Desember 2012. Die voorgestelde verhogings deur NT is as volg, 6.95% vir 2013/2014 en 6.5% vir 2014/2015. Dat daar verder kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit as volg voorsiening gemaak het, 2013/2014: CPIX 5.75% + 1.25% = 7.00%, 2014/2015: CPIX 6.00% + 1.00% = 7.00%, en vir die 2015/2016 finansiële jaar 'n beraamde 7%.

Dat die Raad kennis neem dat die konsultant PE Corporate Services (Work Dynamics) wat verantwoordelik is om die vergoedingspakkette van bestuurder te bereken, die verhoging vir alle bestuurders op 6.1% gestel het vir 2013/2014;

(i) Dat daar kennis geneem word van PT se kommentare op die GOP en 90 dae begroting, sowel as die kommentaar van Swartland Munisipaliteit;

(j) Dat, **met groot erns** kennis geneem word van die tekort in die bedryfsbegroting as gevolg van die ontbondeling van bates, en dat inkomste verkry uit die betaling van diensterekeninge nie meer die uitgawes van die Raad dek nie. Die bedryfstekorte vir die komende finansiële jare sal die volgende wees: *(2013/2014 – R 12 033 195; 2014/2015 – R 33 654 438; 2015/2016 – R 46 854 344)*.

(k) Dat die bygaande vrystellings t.o.v. eiendomsbelasting asook hulptoelaes en skenkings goedgekeur word soos voorgehou in die Eiendomsbelasting Beleid en Artikel 67 (1) van die MFMA No.56 of 2003. **[Aanhangsel B4]**

C. ADMINISTRATIEWE KOMMENTAAR OP DIE KOMMENTAAR WAT ONTVANG IS TEN AANSIEN VAN DIE 2013/2014 WYSIGINGS OP DIE GOP EN BEGROTING

1. PROVINSIALE TESOURIE EN DIE DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE REGERING SE KOMMENTAAR OP SWARTLAND MUNISIPALITEIT SE GOP EN BEGROTING EN DIE SOGENAAMDE "LGMTECH" INTERAKSIE

(a) Dat daar kennis geneem word van voormelde provinsiale departemente se kommentaar, en dat dank en waardering uitgespreek word vir die oorsigrol en die aanbevelings wat daaruit voortspruit met inbegrip van die areas waar die aanbevelings nie heeltemal korrek is en in die regte perspektief gemaak is nie, soos die verwysing na Saldanhabaai en die verkeerde en ou behuisingspyplyn wat deur Menslike Nedersettings verskaf is, nadat die nuutste behuisingspyplyn na die goedkeuring daarvan op 13 Januarie 2013 aan die betrokke departememnt by twee geleenthede verskaf is.

2. TEN AANSIEN VAN MNR CHRISTO BRAND VAN RAIëL SE SKRYWE GEDATEER 18 MAART 2013

(a) **Aanbied van deskundige hulp en beraadslaging**
Dat mnr Christo Brand van Raiël in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit bereid is om met hom te beraadslaag en dat die inligting aangevra, uitgesluit persoonlike inligting, verskaf sal word in die formaat wat dit bestaan en beskikbaar is, ingevolge die proseduriële vereistes van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, en dat die nodige aansoekvorms, motivering en aansoek en kopieërfooie, betaalbaar sal wees, welke aansoekvorms saam met die beantwoording van sy skrywe aan hom verskaf sal word.

(b) **Skoon oudit nieteenstaande van verlore bates en onbefondste mandate**
Dat 'n afskrif van die administratiewe kommentaar, soos vervat in die aangehegte verslag, aan mnr Brand verskaf word, ter verduideliking van die verskil tussen 'n (1) skoon oudit (2) ongekwalifiseerde oudit en (3) gekwalifiseerde oudit aangesien dit anders is, as wat in die privaatsektor geld.

(c) **Aanbod dat mnr Adriaan Visagie na fyner detail kyk**

Dat tesame met die inligting soos hierbo, subparagraaf (2) na verwys, mnr Brand dus ingelig word van die risiko gebaseerde ouditplan waarvolgens interne ouditering benader word.

3. TEN AANSIEN VAN MNR RAIËL LE ROUX SE SKRYWE GEDATEER 18 MAART 2013

(a) Dat mnr Raiël le Roux van Raiël in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit poog om tariefverhogings, veral dié waaroor ons beheer het, binne perke en die inflasiekoerse probeer handhaaf.

(b) Dat kennis geneem word dat die differensiasie in belastingtariewe en dienste tussen verskillende verbruikers, deur wetgewing gemagtig word, welke tariewe gebaseer word op die algemeen aanvaarde beginsel van hoe hoër die gebruik, hoe hoër die tarief, voormelde beginsel word verder deur NERSA voorgeskryf.

(c) **Inmigrasie en meer en meer lae-koste behuisingsprojekte**

Dat mnr le Roux in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit terdeë bewus is daarvan dat inmigrasie en lae-koste behuisingsprojekte 'n finansiële las op inkomste- en dienslewerings-bronne plaas, vandaar die feit dat Swartland Munisipaliteit reeds sover terug as 29 November 2011 tydens 'n MinMay- ("Ministers/Mayors") vergadering 'n voor-

3.(c)/...

legging gemaak het aangaande die invloed van inmigrasie en die voorsiening van lae-koste huise, met die versoek van die aanpassing van die “equitable share”-toekenning en die pogings wat aangewend word om telkens, eksterne finansiering te bekom ten einde nie die belastingbetalers te belas nie.

(d) Dat daar verder kennis geneem word dat die behuisingspyplyn, so onlangs soos 13 Januarie 2013 gewysig en aangepas is volgens Swartland Munisipaliteit se finansiële bekostigbaarheid en volhoubaarheid.

(e) **Vergrote Munisipale Polisiediens en brandweer**

Dat mnr le Roux in kennis gestel word dat sy feite verkeerd is aangaande die uitbreiding van die Swartland Munisipale Polisiediens en die brandweer, aangesien die teendeel eintlik waar is, welke feit deur die GOP ondersteun word.

(f) Dat daar verder kennis geneem word dat die vervanging van voertuie, masjinerie en toerusting, ingevolge ‘n batebestuurs- en vervangingsbeleid gedoen word wat jare gelede in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch opgestel is, met die doel om die maksimum finansiële voordeel op die mees ekonomiese - en effektiewe basis te laat realiseer.

(g) **Model Munisipalteit**

Dat aangaande die beweerde strewe om ‘n model munisipaltieit te wees of te word, mnr le Roux, weereens daarop gewys word dat hoewel Swartland Munisipaliteit op vele terreine as sulks beskou word, dit nie ‘n etiket is, want ons onsself om die nek gehang het nie, maar dat dit die resultaat is van die toepassing van goeie strukture, praktyke, begrip en leierskap en dat Swartland Munisipaliteit sal poog om daardie standaard te handhaaf.

(h) **Waardasies**

Dat daar kennis geneem word van die proses van waardasies, gebaseer op die markwaarde beginsel, soos dit deur die Eiendomsbelastingwet voorgeskryf word.

(i) **Inkomste en Uitgawe**

Dat mnr le Roux in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit ten aansien van dalende inkomste en stygende uitgawes presies dieselfde ervaar, met spesifieke verwysing na die toename van debiteure, wat Swartland Munisipaliteit maandeliks ervaar, sowel as opwaartse aanpassings van onder andere die aankoop van water en elektrisiteit, waaroor Swartland Munisipaliteit weinig beheer het.

(j) **Onbeboude erwe en eiendoms”bubble”**

Dat mnr le Roux eweneens in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit nie die verantwoordelikheid aanvaar vir die eiendoms”bubble” nie, aangesien ons maar ‘n klein rolspeler daarin is, maar dat ons aan die aanvraag voorsien het, met innoverende meganismes om die bou van huise aan te moedig, verder kan die gretigheid van spekulante nie voor Swartland Munisipaliteit se deur gelê word nie.

4. **TEN AANSIEN VAN DIE MALMESBURY LANDBOUVERENIGING SE SKRYWE GEDATEER 15 APRIL 2013**

(a) **Handhawing van huidige eiendomsbelastingkoers**

Dat die Malmesbury Landbouvereniging in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit nie in ‘n posisie is om ‘n gedifferensieerde koers vir die landbousektor in te stel nie, maar dat oorweging geskenk sal word dat die minimum korting van 75% ingevolge wetgewing voorgeskryf, verhoog word na 76%, wat bykans dieselfde effek sal hê, welke motivering gebaseer is op die onlangse verhoogde minimun lone.

5. **TEN AANSIEN VAN YZERFONTEIN INWONERSVERENIGING SE SKRYWE GEDATEER 23 APRIL 2013**

(a) **Vereenvoudige ontledings**

Dat die Direkteur Finansiële Dienste en die begrotingskantoor versoek word om ten opsigte van die 2014/2015 finansiële jaar se begroting, met vewysing na inkomstebronne, met netto surplusse/tekorte aan te dui, ten einde verbruikersvriendelikheid te verhoog.

(b) **Regstellings en persepsies van die begroting**

Dat daar kennis geneem word van die persepsie/interpreteringsverskille tussen die Yzerfontein Inwonersvereniging en die Swartland Munisipaliteit administrasie aangaande die toepassing van artikel 17(3)(a)(i) en (ii) van die MFMA.

(c) **Landbou-eiendomstarief**

Dat daar kennis geneem word dat die landbou eiendomstarief weliswaar R0,001376 is, en dat die nie regstel daarvan nadat dit tydens die SMAF uitgewys was, ‘n administratiewe oorsig was.

(d) **“Ontbrekende” bladsy op tariewelêer**

Dat daar kennis geneem word dat die bladsynommers van die excel dokument aangeskuif het toe die dokument na ‘n PDF-formaat oorgeskakel is, maar dat die begrotingskantoor bedag is daarop met die oog op die toekoms (geen inligting het egter ontbreek nie).

(e) **Twyfel of die standaarde enige voordeel het**

Dat daar kennis geneem word van die Yzerfontein Inwonersvereniging se mening dat die standaarde program en model geen waarde het, wat iets meet teen OMSET nie, terwyl INKOMSTE die enigste maatstaf van belang is en behoort te wees nie, verder dat Swartland Munisipaliteit nie voormelde mening deel nie omdat die Ouditeur Generaal 15 van 22 finansiële indikatore gebruik om die finansiële volhoubaarheid van munisipaliteite te meet.

(f) **Spoedwalle**

Dat die Ysterfontein Inwonersvereniging in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit nie saamstem met hulle mening dat spoedwalle nie ‘n effektiewe en doeltreffende metodiek van verkeerskalmering is nie en dat voortgegaan sal word met die aanbring van goedkoper spoedwalle in alle areas wat ‘n behoefte daarvoor het.

(g) **Stygende en onbekostigbare personeelinkomste**

Dat daar kennis geneem word van die Yzerfontein Inwonersvereniging se sentimente hierin gedeel word, vandaar baie konserwatiewe mandate aan SALGA, sowel as verskeie inisiatiewe ingevolge hoofstuk 7 van die GOP sowel as die hersiende wysigings.

(h) **Verliese ten opsigte van water en riool**

Dat daar kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit bewus is van voormelde situasie, maar dat die regstelling nie met onmiddellike effek gedoen kan word nie, vandaar die regstelling oor onderskeidelik drie tot vyf jaar.

(i) **Depresiasie**

Dat daar kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit gebruik maak van die reglynige metode van depresiasie en dat die teboekstelling daarvan ‘n GRAP-vereiste is en dat enige afwyking daarvan ‘n kwalifikasie tot gevolg sal hê. Dat ‘n versoek aan die Provinsiale Tesourier gerig word om Swartland Munisipaliteit finansieel te ondersteun ten opsigte van die ontbondelingsmetodiek van bates, ingevolge GRAP 17 wat die afgelope paar jaar gebruik is, ten einde die waardasie/herwaardasie van die bates te bepaal met die doel om die impak van depresiasie op die begryfsbegroting te verlig.

(j) **Besteding op Yzerfontein**

Dat daar kennis geneem word dat met die verwysing na die besteding op Yzerfontein, hetsy vanuit eie fondse of Nasionale en Provinsiale fondse, Swartland Munisipaliteit 'n voorstaander is van die beginsels van samewerkende regering soos in artikels 40 en 41 van die Grondwet vervat.

(k) **Afskaffing van die inligtingsvergadering**

Dat daar kennis geneem word van die behoefte uitgespreek deur die Yzerfontein Inwonersvereniging aangaande die inligtingsvergadering en dat die Direkteur Finansiële Dienste, die Direkteur Korporatiewe Dienste en die Strategiese Bestuurder versoek word om voorsiening daarvoor te maak in die 2014/2015 prosesplan se tydskedule.

(l) **Belastings, tariewe en differensiasie**

Dat daar kennis geneem word dat alhoewel differensiasie 'n algemene praktyk is, elke munisipaliteit se omstandighede uniek is en dat die getal/aantal nywerhede en kommersiële eiendomme teenoor die aantal residensiële eiendomme die verhouding van die differensiasie bepaal en dat Swartland Munisipaliteit die uitdaging aanvaar, om vir ons unieke omstandighede met 'n groot landbousektor, die korrekte balans te vind en te probeer handhaaf.

(m) **Landbousektor se eiendomsbelasting**

Dat daar kennis geneem word dat die Yzerfontein Inwonersvereniging die groot voorstanders was van die skep van, en implementering van gedifferensieërde eiendomsbelasting en dat enige besluit in die verband die prerogatief van die RAAD bly, onderhewig aan die wysigings van die ondersteunende beleide en verordeninge.

(n) **Onbillikheid van beskikbaarheidstariewe**

Dat daar kennis geneem word van die voorneme om in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch ondersoeke in hierdie verband te doen vir oorweging ten opsigte van die 2014/2015 begroting.

(o) **Kapitaalbesteding op Yzerfontein**

Dat daar kennis geneem word dat vir die 2014/2015 finansiële jaar oorweeg sal word om 'n toepaslike bedrag beskikbaar te stel vir onderhoud aan die tegnologie.

(p) **Verkeersirkel**

Dat daar kennis geneem word van die kommentaar van verlede jaar sowel as die huidige kommentaar – soos vervat in die aanhangsel - dat 'n vekeersirkel nie op hierdie stadium die gewenste oplossing sal bied nie, welke kommentaar gebaseer is op mening van 'n Padverkeerspesialis.

6. **TEN AANSIEN VAN DIE SKRYWE VAN MNR IAN MITCHELL VAN JAKKALSFONTEIN**

(a) Dat die Raad oorweging daaraan sal verleen om met ingang van 1 Julie 2013, Jakkalsfontein en Grottobaai se 75% eiendomsbelastingkorting op residensiële tarief van eiendomsbelasting van toepassing te maak, in pleks van op die kommersiële tarief soos tans van toepassing.

7. **MOORREESBURG SAKEKAMER**

(a) Dat Moorreesburg Sakekamer in kennis gestel sal word dat die meeste van hulle versoeke operasioneel van aard is en ingevolge die nuwe (2013/2014) kapitaal- en bedryfsbegroting aangespreek sal word, met die uitsondering van sekere areas wat op privaatgrond is, waar die Swartland Munisipaliteit 'n fasiliteitsrol sal speel.

(b) Dat daar kennis geneem word dat die ondersoek na die beperking van groot vragmotors deur die dorp 'n prestasie indikator van die Direkteur Beskermingsdienste is, om die ondersoek in oorlegpleging met die Provinsiale Padingenieur te volvoer.

8. **TEN AANSIEN VAN HOëRSKOOL SWARTLAND EN DIE VERSOEK TOT DIE BOU VAN DIE GEDEELTES VAN BAROCCA- EN HILLSTRATE**

(a) Dat alvorens die versoek vir die bou van Baroccastraat oorweeg kan word, die verlenging van Barlinkastraat, deur die sensitiewe renosterbos-area om by die Klipfontein Ontwikkeling aan te sluit, eers ondersoek word - met inbegrip van ‘n EIA - welke EIA hetsy in die 2013/2014 finansiële jaar gedoen moet word, of, indien daar nie begroot is daarvoor nie, daar gedurende die 2014/2015 finansiële jaar voorsiening voor gemaak word.

(b) Dat Direkteur Siviele Dienste versoek word om ‘n kosteberaming op te stel vir die bou van die ongeveer 120m van Hillstraat vir later oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

9. **DARLING KLUB MET DIE VERSOEK VAN ‘N VERLAAGDE TARIEF VIR GESUIWERDE RIOOLWATER**

(a) Dat daar kennis geneem word van die versoek van die Darling Klub vir ‘n verlaagde watertarief vir die gesuiwerde rioolwater, maar dat daar nie aan die versoek voldoen word nie, aangesien die onderskeie komponente van waardevermindering R0.86, bedryfskoste R0,38 en energiekoste R0,59 met ‘n somtotaal van R1,83 (BTW uitgesluit) die ge-egaliseerde tarief van al die stelsel is, en dat uitsonderings nie gemaak kan word, weens die skep van presendente nie.

10. **TEN AANSIEN VAN DIE SKRYWE VAN DIE MOORREESBURG SAPD**

(a) **<u>Infrastruktuur agterstande</u>**

Dat daar kennis geneem word dat wat die verouderde elektriese netwerke in Moorreesburg betref, dit jaarliks, stelselmatig deur middel van ‘n toekenning uit die kapitaalbegroting, aangespreek word.

(b) Dat daar kennis geneem word dat daar in die 2013/2014 kapitaalbegroting voorsiening gemaak is vir ‘n ondersoek na die aard en omvang van opgradering van die Moorreesburg rioolwerke, en dat eweneens kennis geneem word dat stormwaterstelsels jaarliks gedurende April en Mei ingevolge ‘n onderhoudsprogram skoongemaak word ten einde enige blokkasies te beperk.

(c) Dat daar kennis geneem word van die versoeke vir die verbetering/opgradering van Hoofstraat, te Moorreesburg, maar hierdie opgradering in oorleg met die Provinsiale Padingenieur gedoen moet word aangesien dit ‘n provinsiale pad is.

(d) Dat Swartland Munisipaliteit onderneem om die klagtes aangaande privaat erwe soos (1) die erf tussen Standard Bank en Wynland-“lendings” (2) agter Nedbank, met die onderskeie eienaars te fasiliteer in ‘n poging om regstellings aan die gebreke te laat realiseer.

(e) Dat die SAPD te Moorreesburg in kennis gestel word dat die straatligte in Rosenhof ooreenstem met die tipe en spasiering wat in ander areas geld, maar indien daar spesifieke areas is met ‘n verligtingsprobleem, die areas uitgewys word vir evaluering.

BESLUIT

A: HERSIENING VAN DIE 2012-2017 GEÏNTEGREERDE ONTWIKKELINGSPLAN

Dat die Hersiening van die 2012-2017 Geïntegreerde Ontwikkelingsplan (GOP), asook die vyf Areaplanne goedgekeur word.

BESLUIT VERDER

B. ADMINISTRATIEWE KOMMENTAAR OP DIE KOMMENTAAR WAT ONTVANG IS TEN AANSIEN VAN DIE 2013/2014 WYSIGINGS OP DIE GOP EN BEGROTING

1. **PROVINSIALE TESOURIE EN DIE DEPARTEMENT VAN PLAASLIKE REGERING SE KOMMENTAAR OP SWARTLAND MUNISIPALITEIT SE GOP EN BEGROTING EN DIE SOGENAAMDE "LGMTECH" INTERAKSIE**

(a) Dat daar kennis geneem word van voormelde provinsiale departemente se kommentaar, en dat dank en waardering uitgespreek word vir die oorsigrol en die aanbevelings wat daaruit voortspruit met inbegrip van die areas waar die aanbevelings nie heeltemal korrek is en in die regte perspektief gemaak is nie, soos die verwysing na Saldanhabaai en die verkeerde en ou behuisingspyplyn wat deur Menslike Nedersettings verskaf is, nadat die nuutste behuisingspyplyn na die goedkeuring daarvan op 13 Januarie 2013 aan die betrokke departement by twee geleenthede verskaf is.

2. **TEN AANSIEN VAN MNR CHRISTO BRAND VAN RAÏEL SE SKRYWE GEDATEER 18 MAART 2013**

(a) **Aanbied van deskundige hulp en beraadslaging**
Dat mnr Christo Brand van Raïel in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit bereid is om met hom te beraadslaag en dat die inligting aangevra, uitgesluit persoonlike inligting, verskaf sal word in die formaat wat dit bestaan en beskikbaar is, ingevolge die proseduriële vereistes van die Wet op die Bevordering van Toegang tot Inligting, 2000, en dat die nodige aansoekvorms, motivering en aansoek en kopieërfooie, betaalbaar sal wees, welke aansoekvorms saam met die beantwoording van sy skrywe aan hom verskaf sal word.

(b) **Skoon oudit nieteenstaande van verlore bates en onbefondste mandate**
Dat 'n afskrif van die administratiewe kommentaar, soos vervat in die aangehegte verslag, aan mnr Brand verskaf word, ter verduideliking van die verskil tussen 'n (1) skoon oudit (2) ongekwalifiseerde oudit en (3) gekwalifiseerde oudit, aangesien dit anders is as wat in die privaatsektor geld.

(c) **Aanbod dat mnr Adriaan Visagie na fyner detail kyk**
Dat tesame met die inligting soos hierbo, subparagraaf (2) na verwys, mnr Brand dus ingelig word van die risiko gebaseerde ouditplan waarvolgens interne ouditering benader word.

3. **TEN AANSIEN VAN MNR RAÏEL LE ROUX SE SKRYWE GEDATEER 18 MAART 2013**

(a) Dat mnr Raïel le Roux van Raïel in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit poog om tariefverhogings, veral dié waaroor ons beheer het, binne perke en die inflasiekoerse te probeer handhaaf.

(b) Dat kennis geneem word dat die differensiasie in belastingtariewe en dienste tussen verskillende verbruikers, deur wetgewing gemagtig word, welke tariewe gebaseer word op die algemeen aanvaarde beginsel van hoe hoër die gebruik, hoe hoër die tarief, voormelde beginsel word verder deur NERSA voorgeskryf.

(c) **In-migrasie en meer en meer laekoste behuisingsprojekte**
Dat mnr le Roux in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit terdeë bewus is daarvan dat in-migrasie en laekoste behuisingsprojekte 'n finansiële las op inkomste- en diensleweringsbronne plaas, vandaar die feit dat Swartland Munisipaliteit reeds sover terug as 29 November 2011 tydens 'n MinMay- ("Ministers/Mayors") vergadering 'n voorlegging gemaak het aangaande die invloed van in-migrasie en die voorsiening van laekoste huise, met die versoek van die aanpassing van die "equitable share"-toekenning en die pogings wat aangewend word om telkens, eksterne finansiering te bekom ten einde nie die belastingbetalers te belas nie.

(d) Dat daar verder kennis geneem word dat die behuisingspyplyn, so onlangs soos 13 Januarie 2013 gewysig en aangepas is volgens Swartland Munisipaliteit se finansiële bekostigbaarheid en volhoubaarheid.

(e) **Vergrote Munisipale Polisiediens en brandweer**
Dat mnr le Roux in kennis gestel word dat sy feite verkeerd is aangaande die uitbreiding van die Swartland Munisipale Polisiediens en die brandweer, aangesien die teendeel eintlik waar is, welke feit deur die GOP ondersteun word.

(f) Dat daar verder kennis geneem word dat die vervanging van voertuie, masjinerie en toerusting, ingevolge 'n batebestuurs- en vervangingsbeleid gedoen word wat jare gelede in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch opgestel is, met die doel om die maksimum finansiële voordeel op die mees ekonomiese en effektiewe basis te laat realiseer.

(g) **Model Munisipaliteit**
Dat aangaande die beweerde strewe om ‘n model munisipaliteit te wees of te word, mnr le Roux, weereens daarop gewys word dat hoewel Swartland Munisipaliteit op vele terreine as sulks beskou word, dit nie ‘n etiket is, wat ons onsself om die nek gehang het nie, maar dat dit die resultaat is van die toepassing van goeie strukture, praktyke, begrip en leierskap en dat Swartland Munisipaliteit sal poog om daardie standaard te handhaaf.

(h) **Waardasies**
Dat daar kennis geneem word van die proses van waardasies, gebaseer op die markwaarde beginsel, soos dit deur die Eiendomsbelastingwet voorgeskryf word.

(i) **Inkomste en Uitgawe**
Dat mnr le Roux in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit ten aansien van dalende inkomste en stygende uitgawes presies dieselfde ervaar, met spesifieke verwysing na die toename van debiteure, wat Swartland Munisipaliteit maandeliks ervaar, sowel as opwaartse aanpassings van onder andere die aankoop van water en elektrisiteit, waaroor Swartland Munisipaliteit weinig beheer het.

(j) **Onbeboude erwe en eiendoms”bubble”**
Dat mnr le Roux eweneens in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit nie die verantwoordelikheid aanvaar vir die eiendoms”bubble” nie, aangesien ons maar ‘n klein rolspeler daarin is, maar dat ons aan die aanvraag voorsien het, met innoverende meganismes om die bou van huise aan te moedig, verder kan die gretigheid van spekulante nie voor Swartland Munisipaliteit se deur gelê word nie.

4. **TEN AANSIEN VAN DIE MALMESBURY LANDBOUVERENIGING SE SKRYWE GEDATEER 15 APRIL 2013**

(a) **Handhawing van huidige eiendomsbelastingkoers**
Dat die Malmesbury Landbouvereniging in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit nie in ‘n posisie is om ‘n gedifferensieerde koers vir die landbousektor in te stel nie, maar dat oorweging geskenk sal word dat die minimum korting van 75% ingevolge wetgewing voorgeskryf, verhoog word na 76%, wat bykans dieselfde effek sal hê, welke motivering gebaseer is op die onlangse verhoogde minimun lone.

5. **TEN AANSIEN VAN YZERFONTEIN INWONERSVERENIGING SE SKRYWE GEDATEER 23 APRIL 2013**

(a) **Vereenvoudige ontledings**
Dat die Direkteur: Finansiële Dienste en die begrotingskantoor versoek word om ten opsigte van die 2014/2015 finansiële jaar se begroting, met vewysing na inkomstebronne, met netto surplusse/tekorte aan te dui, ten einde verbruikersvriendelikheid te verhoog.

(b) **Regstellings en persepsies van die begroting**
Dat daar kennis geneem word van die persepsie/interpreteringsverskille tussen die Yzerfontein Inwonersvereniging en die Swartland Munisipaliteit administrasie aangaande die toepassing van artikel 17(3)(a)(i) en (ii) van die MFMA.

(c) **Landbou-eiendomstarief**
Dat daar kennis geneem word dat die landbou eiendomstarief weliswaar R0,001376 is, en dat die nie-regstel daarvan nadat dit tydens die SMAF uitgewys was, ‘n administratiewe oorsig was.

(d) **“Ontbrekende” bladsy op tariewelêer**
Dat daar kennis geneem word dat die bladsynommers van die excel dokument aangeskuif het toe die dokument na ‘n PDF-formaat oorgeskakel is, maar dat die begrotingskantoor bedag is daarop met die oog op die toekoms (geen inligting het egter ontbreek nie).

(e) **Twyfel of die standaarde enige voordeel het**
Dat daar kennis geneem word van die Yzerfontein Inwonersvereniging se mening dat die standaarde program en model geen waarde het wat iets meet teen OMSET nie, terwyl INKOMSTE die enigste maatstaf van belang is en behoort te wees, verder dat Swartland Munisipaliteit nie voormelde mening deel nie omdat die Ouditeur-Generaal 15 van die 22 finansiële indikatore gebruik om die finansiële volhoubaarheid van munisipaliteite te meet.

(f) **Spoedwalle**
Dat die Yzerfontein Inwonersvereniging in kennis gestel word dat Swartland Munisipaliteit nie saamstem met hulle mening dat spoedwalle nie ‘n effektiewe en doeltreffende metodiek van verkeerskalmering is nie en dat voortgegaan sal word met die aanbring van goedkoper spoedwalle in alle areas wat ‘n behoefte daarvoor het.

(g) **Stygende en onbekostigbare personeelinkomste**
Dat daar kennis geneem word dat die Yzerfontein Inwonersvereniging se sentimente hierin gedeel word, vandaar baie konserwatiewe mandate aan SALGA, sowel as verskeie inisiatiewe ingevolge hoofstuk 7 van die GOP sowel as die hersiende wysigings.

(h) **Verliese ten opsigte van water en riool**
Dat daar kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit bewus is van voormelde situasie, maar dat die regstelling nie met onmiddellike effek gedoen kan word nie, vandaar die regstelling oor onderskeidelik drie tot vyf jaar. Dat opdrag gegee word dat die tegniese verliese, bereken ingevolge ‘n tegniese metode op elektrisiteit en water, afgetrek word vanaf die totale verliese wanneer daaroor gerapporteer word.

(i) **Depresiasie**
Dat daar kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit gebruik maak van die reglynige metode van depresiasie en dat die teboekstelling daarvan ‘n GRAP-vereiste is en dat enige afwyking daarvan ‘n kwalifikasie tot gevolg sal hê. Dat ‘n versoek aan die Provinsiale Tesourier gerig word om Swartland Munisipaliteit finansieel te ondersteun ten opsigte van die ontbondelingsmetodiek van bates, ingevolge GRAP 17 wat die afgelope paar jaar gebruik is, ten einde die waardasie/herwaardasie van die bates te bepaal met die doel om die impak van depresiasie op die begryfsbegroting te verlig.

(j) **Besteding op Yzerfontein**
Dat daar kennis geneem word dat met die verwysing na die besteding op Yzerfontein, hetsy vanuit eie fondse of Nasionale en Provinsiale fondse, Swartland Munisipaliteit ‘n voorstaander is van die beginsels van samewerkende regering soos in artikels 40 en 41 van die Grondwet vervat.

(k) **Afskaffing van die inligtingsvergadering**
Dat daar kennis geneem word van die behoefte uitgespreek deur die Yzerfontein Inwonersvereniging aangaande die inligtingsvergadering en dat die Direkteur: Finansiële Dienste, die Direkteur: Korporatiewe Dienste en die Strategiese Bestuurder versoek word om voorsiening daarvoor te maak in die 2014/2015 prosesplan se tydskedule.

(l) **Belastings, tariewe en differensiasie**
Dat daar kennis geneem word dat alhoewel differensiasie ‘n algemene praktyk is, elke munisipaliteit se omstandighede uniek is en dat die aantal nywerhede en kommersiële eiendomme teenoor die aantal residensiële eiendomme die verhouding van die differensiasie bepaal en dat Swartland Munisipaliteit die uitdaging aanvaar, om vir ons unieke omstandighede met ‘n groot landbousektor, die korrekte balans te vind en te probeer handhaaf.

(m) **Landbousektor se eiendomsbelasting**
Dat daar kennis geneem word dat die Yzerfontein Inwonersvereniging die groot voorstanders was van die skep van, en implementering van gedifferensieërde eiendomsbelasting en dat enige besluit in die verband die prerogatief van die RAAD bly, onderhewig aan die wysigings van die ondersteunende beleide en verordeninge.

(n) **Onbillikheid van beskikbaarheidstariewe**
Dat daar kennis geneem word van die voorneme om in samewerking met die Universiteit van Stellenbosch ondersoeke in hierdie verband te doen vir oorweging ten opsigte van die 2014/2015 begroting.

(o) **Kapitaalbesteding op Yzerfontein**
Dat daar kennis geneem word dat vir die 2014/2015 finansiële jaar oorweeg sal word om ‘n toepaslike bedrag beskikbaar te stel vir onderhoud aan die tegnologie.

(p) **Verkeersirkel**
Dat daar kennis geneem word van die kommentaar van verlede jaar sowel as die huidige kommentaar – soos vervat in die aanhangsel - dat ‘n vekeersirkel nie op hierdie stadium die gewenste oplossing sal bied nie, welke kommentaar gebaseer is op die mening van ‘n Padverkeerspesialis.

6. **TEN AANSIEN VAN DIE SKRYWE VAN MNR IAN MITCHELL VAN JAKKALSFONTEIN**

(a) Dat die Raad goedkeuring verleen om met ingang van 1 Julie 2013, Jakkalsfontein en Grottobaai se 75% eiendomsbelastingkorting op residensiële tarief van eiendomsbelasting van toepassing te maak, in pleks van op die kommersiële tarief soos tans van toepassing.

7. **MOORREESBURG SAKEKAMER**

(a) Dat Moorreesburg Sakekamer in kennis gestel sal word dat die meeste van hulle versoeke operasioneel van aard is en ingevolge die nuwe (2013/2014) kapitaal- en bedryfsbegroting aangespreek sal word, met die uitsondering van sekere areas wat op privaatgrond is, waar die Swartland Munisipaliteit 'n fasiliteringsrol sal speel.

(b) Dat daar kennis geneem word dat die ondersoek na die beperking van groot vragmotors deur die dorp 'n prestasie indikator van die Direkteur: Beskermingsdienste is, om die ondersoek in oorlegpleging met die Provinsiale Padingenieur te volvoer.

8. **TEN AANSIEN VAN HOËRSKOOL SWARTLAND EN DIE VERSOEK TOT DIE BOU VAN DIE GEDEELTES VAN BAROCCA- EN HILLSTRATE**

(a) Dat alvorens die versoek vir die bou van Baroccastraat oorweeg kan word, die verlenging van Barlinkastraat, deur die sensitiewe renosterbos-area om by die Klipfontein Ontwikkeling aan te sluit, eers ondersoek word - met inbegrip van 'n EIA - welke EIA hetsy in die 2013/2014 finansiële jaar gedoen moet word, of indien daar nie begroot is daarvoor nie, daar gedurende die 2014/2015 finansiële jaar voorsiening voor gemaak word.

(b) Dat die Direkteur: Siviele Ingenieursdienste versoek word om 'n kosteberaming op te stel vir die bou van die ongeveer 120m van Hillstraat vir latere oorweging deur die Uitvoerende Burgemeesterskomitee.

9. **DARLING KLUB MET DIE VERSOEK VAN 'N VERLAAGDE TARIEF VIR GESUIWERDE RIOOLWATER**

(a) Dat daar kennis geneem word van die versoek van die Darling Klub vir 'n verlaagde watertarief vir die gesuiwerde rioolwater, maar dat die tariewe van die gesuiwerde rioolwater vir sportdoeleindes in die tariewelêer opgebreek word in die volgende komponente:

- waardevermindering: R0.86;
- bedryfskoste: R0.38
- energiekoste R0.59
- **somtotaal van R1.83** (BTW uitgesluit)

welke waardeverminderingstarief deelgemaak moet word van die riooltarief, ten einde die onderskeie klubs in 'n posisie te stel om hul kontraktuele ooreenkomste van die verlede na te kom.

10. **TEN AANSIEN VAN DIE SKRYWE VAN DIE MOORREESBURG SAPD**

(a) **<u>Infrastruktuur agterstande</u>**
Dat daar kennis geneem word dat wat die verouderde elektriese netwerke in Moorreesburg betref, dit jaarliks, stelselmatig deur middel van 'n toekenning uit die kapitaalbegroting aangespreek word.

(b) Dat daar kennis geneem word dat daar in die 2013/2014 kapitaalbegroting voorsiening gemaak is vir 'n ondersoek na die aard en omvang van opgradering van die Moorreesburg rioolwerke, en dat eweneens kennis geneem word dat stormwaterstelsels jaarliks gedurende April en Mei ingevolge 'n onderhoudsprogram skoongemaak word ten einde enige blokkasies te beperk.

(c) Dat daar kennis geneem word van die versoeke vir die verbetering/opgradering van Hoofstraat, te Moorreesburg, maar hierdie opgradering in oorleg met die Provinsiale Padingenieur gedoen moet word aangesien dit 'n provinsiale pad is.

(d) Dat Swartland Munisipaliteit onderneem om die klagtes aangaande privaat erwe soos (1) die erf tussen Standard Bank en Wynland-"lenings" (2) agter Nedbank, met die onderskeie eienaars te fasiliteer in 'n poging om regstellings aan die gebreke te laat realiseer.

(e) Dat die SAPD te Moorreesburg in kennis gestel word dat die straatligte in Rosenhof ooreenstem met die tipe en spasiëring wat in ander areas geld, maar indien daar spesifieke areas is met 'n verligtingsprobleem, die areas uitgewys word vir evaluering.

BESLUIT

C: GOEDKEURING VAN DIE MEERJARIGE KAPITAAL EN BEDRYFS-BEGROTINGS VIR 2013/2014, 2014/2015 EN 2015/2016

(a) Dat die Raad die meerjarige kapitaal- en bedryfsbegroting goedkeur, **onder-skeidelik ten bedrae van en bronne van finansiering**:

				Histories:		Tans:
(1)	**Kapitaalbegroting**	**:**	**2012/2013**	**R 86 848 463**	**R**
	Aansuiwerings Kapitaalbegroting	**:**	**2012/2013**	**R 89 008 975**	**R**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2013/2014**	**R**	**R 83 479 509**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2014/2015**	**R**	**R 64 827 967**
	Kapitaalbegroting	**:**	**2015/2016**	**R**	**R 52 510 760**
(2)	**Bedryfsbegroting**	**:**			
	Totale Inkomste	**:**	**2012/2013**	**R 413 711 316**	**R**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting	**:**	**2012/2013**	**R 422 971 862**	**R**
	Aansuiwerings Inkomstebegroting	**:**	**2012/2013**	**R 423 271 862**	**R**
		:	**2013/2014**	**R**	**R 466 847 737**
		:	**2014/2015**	**R**	**R 470 253 985**
		:	**2015/2016**	**R**	**R 502 282 313**
	Uitgawe	**:**	**2012/2013**	**R 439 237 837**	**R**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting	**:**	**2012/2013**	**R 436 386 824**	**R**
	Aansuiwerings Uitgawebegroting	**:**	**2012/2013**	**R 441 964 655**	**R**
		:	**2013/2014**	**R**	**R 478 880 932**
		:	**2014/2015**	**R**	**R 503 908 423**
		:	**2015/2016**	**R**	**R 549 136 657**
	Surplus/Verskil (ontbondeling) i.t.v. GRAP	**:**	**2012/2013**	**-R 25 526 521**	**R**
	Aansuiweringsbegroting	**:**	**2012/2013**	**-R 13 414 961**	**-R**
	Aansuiweringsbegroting	**:**	**2012/2013**	**-R 18 692 793**	**-R**
		:	**2013/2014**	**R**	**-R 12 033 195**
		:	**2014/2015**	**R**	**-R 33 654 438**
		:	**2015/2016**	**R**	**-R 46 854 344**

(b) Dat die Raad kennis neem dat die gemiddelde tariefverhoging van Eskom aan munisipaliteite 7.3% beloop vir die 2013/2014 finansiële jaar, maar dat Swartland Munisipaliteit slegs ‘n gemiddelde tarief verhoging van 6.80% aan sy verbruikers deurgee. Dat die Raad verder kennis neem dat NERSA se goedkeuring ontvang is en dat die tariewe dus finaal goedgekeur kan word;

(c) Dat die kapitaal- en bedryfsbegroting ten aansien van die 2013/14 finansiële jaar ingevolge artikels 16 en 17 van die MFMA goedgekeur word, met inbegrip van –

- belastings;
- tariewe;
- projeksies van kontantvloei (nou deel van Begrotingsformate);
- begrotingsverwante beleidsdokumente:
  - (i) Kredietbeheer – sonder wysigings,
  - (ii) Tariefbeleid – dat die berekening van eiendomsbelasting vir die 2013/2014 finansiële jaar en daarna ten opsigte van Jakkalsfontein en Grottobaai, nl. 25% toegepas word op residensiële eiendomme en nie op kommersiële eiendomme nie.
  - (iii) Eiendomsbelastingsbeleid – sonder wysigings
  - (iv) Kontant en Beleggingsbestuursbeleid – sonder wysigings
- besonderhede ten aansien van beleggings;

(d) Dat daar kennis geneem word dat die Direkteur: Finansiële Dienste voldoen aan die vereistes van die begrotingsdokumentasie ten opsigte van die verslagdoening aan Provinsiale en Nasionale Tesourie;

(e) Dat die Raad kennis neem dat die bedryfsbegroting nie syfers insluit in terme van vaste en werklike kapitaalbydraes nie om die Direkteur: Finansiële Dienste in staat te stel om die tariewe met betrekking tot diensterekeninge te bereken;

(f) Dat, as gevolg van onvoldoende fondse, geen voorsiening gemaak kon word vir die delgingstekort met betrekking tot die oorvleueling van die delging van lenings na eksterne banke en die lewensduur van bates nie;

(g) Dat kennis geneem word van die toenemende styging in personeelkostes soos deur Nasionale Tesourie voorgestel in Omsendbrief 66 gedateer 11 Desember 2012. Die voorgestelde verhogings deur SALGA is as volg, 6.95% vir 2013/2014 en 6.5% vir 2014/2015. Dat daar verder kennis geneem word dat Swartland Munisipaliteit as volg voorsiening gemaak het, 2013/2014: CPIX 5.75% + 1.25% = 7.00%, 2014/2015: CPIX 6.00% + 1.00% = 7.00%, en vir die 2015/2016 finansiële jaar 'n beraamde 7%.

Dat die Raad kennis neem dat die konsultant PE Corporate Services (Work Dynamics) wat verantwoordelik is om die vergoedingspakkette van bestuurder te bereken, die verhoging vir alle bestuurders op 6.1% gestel het vir 2013/2014;

(h) Dat daar kennis geneem word van die Provinsiale Tesourier se kommentare op die GOP en 90 dae begroting, sowel as die kommentaar van Swartland Munisipaliteit;

(i) Dat, **met groot erns** kennis geneem word van die tekort in die bedryfsbegroting as gevolg van die ontbondeling van bates, en dat inkomste verkry uit die betaling van diensterekeninge nie meer die uitgawes van die Raad dek nie. Die bedryfstekorte vir die komende finansiële jare sal die volgende wees: *(2013/2014 – R 12 033 195; 2014/2015 – R 33 654 438; 2015/2016 – R 46 854 344)*.

(j) Dat die bygaande vrystellings ten opsigte van eiendomsbelasting asook hulptoelaes en skenkings goedgekeur word soos voorgehou in die Eiendomsbelastingsbeleid en artikel 67(1) van die MFMA No. 56 of 2003.

AFSKRIFTE:

T.o.v. A: Hersiening vandie 2012-2017 GOP
1. Strat Best - (1) plaas GOP op website/afstuur na relevante staatsdepartemente

T.o.v. B: Kommentaar op GOP en begroting
1. N Brand - (1) afhandeling van besluite, gesprek op 4 Junie 2013 met MB
2. DF/Rekenmeester: Inkomste – 4(a), vir aandag
3. DF/Begrotingskantoor – 5(a), vir aandag
4. DS/DE – 5(h), vir aandag
5. DF/MB – 5(i), vir aandag
6. DK/Strat Best – 5(k), vir aandag
7. Begrotingskantoor – 5(o), vir aandag
8. DF/Rekenmeester Inkomste – 6(a), vir aandag
9. DB/Strat Best – 7(b), vir aandag
10. DS – 8(a) en (b), vir aandag
11. DF/Rekenmeester: Inkomste – 9, vir aandag en aanpassing van tariewelêer

T.o.v. C: Goedkeuring van meerjarige begroting
1. DF – (1) aandag soos nodig
   (2) (d), begroting afstuur na sowel Nasionale en Provinsiale Tesourie; verwys artikel 24(3), MFMA (binne 10 werksdae, voor/op 14 Junie 2013)
   (3) plasing van begroting en beleidsdokumente op website, verwys artikel 75 van MFMA (voor/op 4 Junie 2013)
2. N Brand – (1) advertering van eiendomsbelastingstarief in Provinsiale Koerant, verwys artikel 14(2) van Munisipale Eiendomsbelastingswet
   (2) advertering van aanname van tariewe/GOP (voor/op 11 Junie 2013)

[finale begroting is beskikbaar in die Kantoor van die Direkteur: Finansiële Dienste]